Bestuiwingsdiens-Ooreenkoms

Aangegaan tussen die **Diensverskaffer**:

Besigheidsnaam: ..... Lid van WKBV? .....

Pos-adres: .....

Kontakpersoon: ..... Sel: .....

Tel: ..... Faks: .....

Epos: .....

en die **Produsent**:

Plaasnaam: ..... Lid van WKBV? .....

Pos-adres: .....

Kontakpersoon: ..... Sel: .....

Tel: ..... Faks: .....

Epos: .....

TARIEF EN HERSIENING

Die tarief (BTW uitgesluit) vir die komende seisoen is **R ..... *per bestuiwing per kultivar per boord*.**

Hierdie ooreenkoms sal jaarliks hersien word voor ..... .

Elke hernuwing sal bindend wees op beide partye vir minstens die eersvolgende .... seisoen(e) vanaf die datum van ondertekening.

1. Die **DIENSVERSKAFFER** *onderneem* om die diens volgens Tabel A te lewer onderhewig aan die volgende voorwaardes:

   a. Hy sal verseker dat die korwe voldoen aan die standaard soos voorgeskryf deur WKBV en stel homself onderhewig aan die betrokke gehaltebeheer-meganisme van WKBV in hierdie verband.

   b. Hy sal die ooreengekome aantal korwe voorsien op die toepaslike blomstadium van die kultivar-spesifieke boord met dien verstande dat voldoende kennis vooraf van die blomontwikkeling gegee is.

   c. Hy sal enige werklike probleem met die diens onmiddellik aanspreek.

   d. Hy sal die korwe op die toepaslike blomstadium uit die boord verwyder mits voldoende kennis vooraf gegee is.

   e. Hy sal te alle tye gesonde besigheidsbeginsels nastreef.

2. Die **PRODUSENT** *onderneem* om die diens volgens Tabel A te aanvaar onderhewig aan die volgende voorwaardes:

   a. Hy bevestig dat die gegewens in Tabel A korrek is en dat dit sy bedoeling met die korfbenutting duidelik reflekteer.

   b. Hy sal die staanplekke en toegangsroetes behoorlik voorberei en merk.

   c. Hy sal minstens een persoon beskikbaar stel om die staanplekke uit te wys beide met die inry en die uitry van die korwe in/uit die boorde.

   d. Hy sal die sekuriteit van die korwe op sy eiendom verseker aangesien skadevergoeding van tot twee maal die riglyn-bestuiwingsfooi, bo en behalwe die diensfooi, betaalbaar sal wees.

   e. Hy aanvaar volle verantwoordelikheid vir sy chemiese program en sal toesien dat dit die veiligheid van die bye en die vereistes vir effektiewe bestuiwing in ag neem.

   f. Hy sal die bye beskikbaar stel sodra die kanse op waardetoevoeging deur verdere bestuiwing van die kultivar-spesifieke boord in 'n laat blomstadium, ignoreerbaar klein raak. (***95% Blom plus 2 dae word as riglyn vir beskikbaarstelling van die laaste korwe uit die boord aanvaar.***)

   g. Hy sal billike kennisgewing van in- en uitrytye gee (verkieslik 48 uur).

   h. Geen korf sal sonder vooraf toestemming en instruksies van die Diensverskaffer hanteer word nie.

   i. Hy sal enige werklike probleem onverwyld rapporteer.

   j. Hy sal te alle tye gesonde besigheidsbeginsels nastreef.

3. WKBV aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige tekortkominge in hierdie ooreenkoms nie --- die partye moet self toesien dat hul kontrak regsgeldig is. Hierdie kontrak sal verder ook nie noodwendig ongeldig wees as byvoorbeeld slegs enkele aspekte hierin in dispuut is nie.

4. In die geval van 'n dispuut ten opsigte van die standaard van die diens, onderneem beide ondergetekende partye om van die WKBV Bestuiwings-Inspeksiediens gebruik te maak vir ‘n bevinding hieromtrent.

5. Enige party kan hierdie ooreenkoms beëindig mits die ander party minstens 24 uur skriftelike kennis gehad het om die moontlike probleem op te los.

6. Geen party sal deur die ander aanspreeklik gehou word in die geval van onvoorsiene omstandighede ("acts of God") nie.

Tabel A: Bestuiwingsdiens Benodig (Komende Seisoen)

VRUGSOORT /KULTIVAR	GROEP /BOORD	AREA (ha)	AANTAL KORWE	GETAL SKOFTE *	OPMERKINGS

***** *Die vorige skof bye kan verwyder word as die volgende skof ingebring word.*

Fakturering en Betaling:

Fakturering geskied teen: .....

Betaling geskied nie later nie as: .....

Rente teen .....% per ..... sal betaalbaar wees vanaf ..... dae na faktuur.

Ander Voorwaardes:

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Die volgende Dokumente moet saamgelees word met hierdie Ooreenkoms:

WKBV BestuiwingsBestuur: Standaarde, Toepassing & Kostes

DFPT Research Pamphlet: Commercial Pollination of Deciduous Fruit

.....

.....

.....

.....

.....

Geteken te ..... op die ....'e dag van ....

_____ _____

DIENSVERSKAFFER **PRODUSENT**